## 5 November Genesis 17 (17:18)

### *Die heerlike inhoud van die verbond*

Wat vir Abraham begin het met 'n opdrag om te trek en 'n belofte dat die Here hom tot 'n groot nasie sal maak en dat die Here hom sal seën (Gen. 12) het geleidelik gegroei tot by die punt waar die verbond 'n baie besondere inhoud gekry het.

Die verbond wat die Here uit genade met Abraham opgerig het begin in die eerste plek met 'n waarborg: "Ek is God die Almagtige". Dit is nie maar iemand wat 'n belofte aan hom maak nie. Dit is God, die Almagtige! By Hom is niks onmoontlik nie. Hy is betroubaar. Sy beloftes sal Hy nakom. Sy Naam self is die waarborg van wat Hy belowe. Dit is dus die een saak wat ons ten opsigte van die genadeverbond in gedagte moet hou, naamlik dat die beloftes van die Here betroubaar is. Jy mag dit maar glo en jy kan maar daarop vertrou, want die Here self het so gesê.

Vir Abraham is daar weer die beloftes van 'n nageslag en van 'n land. Nou word die genadeverbond vir Abraham egter in 'n neutedop weergegee: Ek sal jou God wees; Ek sal ook God vir jou nageslag wees; Jy en jou nageslag moet my volk wees (Die eis van die verbond wat God stel). Die volkwees van Abraham en sy nageslag is alreeds in vers 1 baie duidelik omskryf: Lewe naby my en wees opreg. Verbondskind-van-God-wees bestaan daarin om letterlik die spel van die lewe te speel aan die voete van die Here - dit is om te leef met jou hand in sy hand en jou oor op sy Woord.

Die grootsheid van die verbond lê egter daarin dat die die Almagtige God beloof om vir Hom 'n God te wees. Elkeen wat in Jesus Christus glo en deel uitmaak van die nuwe verbond in die bloed van Jesus Christus, mag vir geen oomblik vergeet dat God beloof het om vir ons 'n God te wees nie. Daarom, al gaan ons deur donker dieptes, is ons nie bang nie, want die Here is met ons. Dat Hy vir ons 'n God is beteken nie dat daar nooit in ons lewe beproewinge sal kom nie, dat daar nie hartseer en donker dae sal kom nie. Dit beteken wel dat in die hartseer en die donker God ook teenwoordig sal wees.

Die kontinuïteit van die verbond is vir elke verbondsouer 'n heerlike troos. God het my en my kinders aan Hom as 'n ewige eiendom verbind en Hy roep my en my kinders om Hom te dien. Hy beloof verder om ons te omvou met sy liefde (Ps. 32:10) op so 'n wyse dat ons alleen verlore kan gaan deur volgehoue ongeloof en verharde ongehoorsaamheid.

Sing: Psalm 105:5 Dr. D.J.S. Steyn (Benoni-Noord)